Wat beteken 'n rent strike?
Die Rent Strike inisiatief is 'n deurlopende gesprek oor hoe alledaagse mense hulself in die komende maande veilig, onder ‘n dak, en gevoed kan hou.

Die basiese uitgangspunt van hierdie staking is eenvoudig: as ons nie kan werk nie, kan ons nie huur betaal nie. In plaas van om alleen en bekommerd te wees oor hoe om huur te betaal en om jouself te voed, kan ons gewone mense mekaar gesamentlik ondersteun deur ons lewens in ons eie hande te neem deur ons huur te behou. Selfs al word die lockdown dalk aan die einde van hierdie vyf weke gestaak, sal ons steeds streng bewegingsbeperkings hê. Die lewe sal nie binnekort weer terugkeer na 'n normale toestand nie en ongelukkig is dit die mense wat die mees noodsaaklikste werk doen in ons ongelyke land wat die swaarste geraak sal word. As ons vandag ons huurgeld hou, sal ons waarskynlik steeds môre ons kruideniersware kan koop. Ons weet regtig nie wanneer hierdie afsluiting gaan eindig nie. Om jou rentgeld in jou beursie te hou is een van die belangrikste dinge wat jy kan doen om te verseker dat jy geld vir kos in die toekoms sal hê -- dit is as jy op hierdie punt in die lockdown nog geld het. Die regering stel geld aan sommige beskikbaar, maar dit is nie genoeg nie en die proses om geld uit te deel is onbetroubaar. Ons moet kyk na praktiese maniere wat verseker dat ons saam met mekaar in hierdie kritiese tyd kan werk.

‘n Rent strike is nie 'n oplossing vir almal se probleme nie. Alhoewel ons beklemtoon dat die verhuurder-huurder verhouding trek voordeel uit die huurder, verstaan ons dat baie mense ‘n ingewikkelde lewens het, en daarom verstaan ons dat daar omstandighede is waar dit waarskynlik veiliger is vir 'n persoon om huur te betaal as hulle kan. Ons nooi almal uit wat bekommerd is oor hul huurgeld om betrokke te raak en om die beste keuses te maak met die meeste inligting, want elke persoon ken hul eie lewe die beste. Wat noodsaaklik is vir hierdie rent strike, is dat niemand uitgesit moet word nie en dat niemand honger moet ly nie. Daar sal waarskynlik honderde, duisende mense in Mei nie in staat wees om hul huurgeld te betaal nie, en baie meer sal nie in Junie en daarna nie kan betaal nie. Dit is belangrik om nou, as Suid-Afrika, 'n rent strike te hou. Ons moet mekaar vandag en op die langtermyn veilig hou.

Rent Strike SA is op hierdie stadium meer as net ‘n staking, en dit behels ook pogings om die regering uit te daag om 'n rent-freeze in te stel vir die periode van die COVID-19 pandemie. Hierdie rent strike is ook 'n beroep op ons banke en die regering om verbandlenings te bevries sonder enige interest vir die periode van die pandemie, sowel as 'n beroep op die regering om grondbelasting te verlaag. Hierdie huurstaking het baie benaderings wat bedoel is om in alle organisasies se voorkeure te pas. Maar ons kan nie verwag dat die werk net op sy eie gedoen word nie, jy moet ons help, want ons is almal hiervan afhanklik.

Wat kan jy doen om te help?
Lees meer oor hoe huurstakings werk! Op ons webwerf en op ons Facebook-bladsy (ons het ook Twitter en Instagram) is daar belangrike bronne waar jy oor die wette van uitsettings kan leer. Jy sal ook 'n voorbeeldbrief vind wat jy aan jou verhuurder kan gee en kan kontak maak met ander mense wat in soortgelyke posisies is.

As jy een van die vele huurders is wat by dieselfde verhuurder is, is dit effe makliker om 'n huurstaking te wen. Praat met die ander huurders en kry hulle aan boord.

Reël op 'n veilige manier en hou steeds sosiale afstand in jou gemeenskappe. Vertel ander mense van hierdie huurstaking en oorreed hulle om aan te sluit.

Kontak
Naam:
Telefoon:
rentstrikesouthafrica.org
https://www.facebook.com/RentStrikeSouthAfrica/
rentstrikesouthafrica@protonmail.com